**Dinsdag 17 Maart**
**Skrifgedeelte: Jesaja 63:7 – 64:12**
**Fokusgedeelte: Jesaja 63:8-10, 16, 64:8-9, 12 (AFR53); HK Sondag 46**

**Ons Vader is ons Heiland!**

Ons aanneming tot kinders is sekerlik die grootste barmhartigheid wat sondaars kan ontvang. *“Want Hy het gesê: Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie. So het Hy dan vir hulle ’n Heiland geword”* (Jes. 63:8). Elke vader is bekommerd oor die foute wat sy kinders maak.

Ons Vader in die hemel regeer ewig beskermend oor ons, Hy stuur Christus, *“en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hy hulle verlos”* (Jes. 63:9). Maar God se liefde en genade is nie goedkoop nie, eiewilligheid is geen ligtelike saak nie. *“Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in ’n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry”* (Jes. 63:10). God laat Homself nie onbetuig nie, Hy straf ook.

In diepe beproewinge roep die Gees sondaars tot selfondersoek, om vorige tye van genade te onthou, hoe barmhartig God was. Die inwonende Heilige Gees dring ware gelowiges tot sondebesef, skuldbelydenis en smeking. *“Want U is ons Vader! Want Abraham weet van ons nie, en Israel ken ons nie. U, o HERE, is ons Vader; ons Verlosser is van ouds af u Naam”* (Jes. 63:16). Opregte ootmoed, selfonderwerping, lei tot afhanklike gebed. *“Maar nou, HERE, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand”* (Jes. 64:8). Smeekgebed is ons beroep op God se beloftes. *“HERE, wees nie uitermate toornig nie, en dink nie vir ewig aan die ongeregtigheid nie; aanskou dit tog dat ons almal u volk is”* (Jes. 64:9).

Ons troos is om te bid in Jesus se Naam. *“HERE, sal U by hierdie dinge U bedwing? Sal U swyg en ons uitermate verdruk?”* (Jes. 64:12).

*Sing: Psalm 86-1:1, 3, 6*
*Ds. LJ (Lou) Erasmus (Emeritus)*